

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 48

28 November 2021

Geloof wat werk (1)



**Ware geloof in God behels totale oorgawe met geen vooropgestelde gedagtes of voorkeure wat God in 'n spesifieke rigting probeer dwing nie.**

**Ons leef in uitdagende tye, more lyk onseker en gister beïnvloed vandag. Die druk en gejaag van ons samelewing veroorsaak dat vrede en geluk dikwels in verwyte en teleurstellings eindig. Die werklikheid van vrees en allerhande sielkundige probleme is algemeen en ons staan daagliks voor onsekere lewenskeuses wat ons moet maak. Is daar hoop? Hoe lewe ons te midde van alles 'n volle en doelgerigte lewe?**

**Geloof in God**

**“Laat ons daarom die elementêre leer oor Christus verlaat en tot volwassenheid gaan, sonder om weer die fondament te lê van bekering van dade wat tot die dood lei, en van geloof in God” (parafrasering van Heb 6:1)**

**Wat is Bybelse geloof?**

**Daar is tans baie definisies van geloof, veral op die sosiale media, maar wat is die eenvoudige Bybelse geloof? Heb 6:1 lê hierdie primêre fondasie vas. Die skrywer van Hebreërs begin deur ons aan te moedig om te groei tot volwassenheid in God. Bybelse geloof is “geloof in God” met niks bygevoeg of deur ons geherdefinieer nie. 'n Korrekte begrip van wie God is en wat dit beteken om in Hom te glo, is die primêre fondament vir Bybelse geloof. Ware geloof is totale oorgawe aan Hom met geen vooropgestelde gedagtes of persoonlike voorkeure wat God in 'n spesifieke rigting probeer dwing nie. Geloof in God is anders as geloof in die dinge wat God kan doen. Geloof in God se soewereiniteit en 'n totale vertrouwe dat Sy wil en Sy karakter ten alle tye die beste vir ons is, definieer “geloof in God”. Die opregte vertrouwe dat God heilig is en dat Sy motiewe volmaak en liefdevol is, is fundamenteel. Dit stel ons in staat om opreg te aanvaar dat wat God ook al besluit, die beste vir ons is, al is dit teenstrydig met wat ons wou hê of selfs verwag het.**

**Verkeerde benaderings oor geloof**

**Vooropgestelde idees oor geloof en 'n spesifieke persoonlike verwagting kan strydig wees met ware Bybelse geloof. Sulke voorwaardes plaas die mens in beheer van sake en kan lei tot geestelike hoogmoed, manipulasie en misleiding. Dit kommunikeer dat God óns dien n ons wil word bo Sý wil geplaas. Die gevaar is dat baie mense God benader asof Hy ons moet dien – hulle vergeet dat Hy God is en dat ons gered word om Hom in alles onvoorwaardelik te dien en te eer. ( vervolg)**

**Dankie!**

**Dat God die Begin en Voleinder is van ons geloof!**

**Vir die welkome en mildelike reën wat oor groot dele van ons land geval het!**

**Vir elkeen wat herstel en genesing ontvang het van operasies, siektes en covid!**

## **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die matrieks wat met eksamens besig is.

## **Voorbidding**

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen Deguay – het covid en in ICU. Vir volkome genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Jaap Naude – vir volkome herstel en genesing.
- Johan Prinsloo – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Marie van Wyk – vir volkome herstel en genesing.
- Lettie Koekemoer – vir volkome herstel en genesing.
- Francois en Sanet Smit – vir volkome herstel en genesing.
- Dezi Stinton – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Gerda J van Rensburg – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Dink in gebed aan Werner & Maruschka Nieuwoudt & Familie met die afsterwe van haar pa
- Dink in gebed aan Petro Botha & familie met die afsterwe van haar broer

## **Gedagte vir die week:**

**Geloof is die vaste vertrouwe dat God sal doen wat reg is.**

**Max Lucado**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)

